Vereistes vir telers (Bylae C)

1. ’n Lid moet ten minste in die besit van een SABT-geregistreerde Boeboelteef wees om as teler te kan aansoek doen.

2. Om as teler te registreer, moet die lid by die SABT aansoek om die toekenning van ’n stoetnaam doen deur drie keuses van voorgenome name op die aansoekvorm om lidmaatskap in te vul.

3. Indien ’n lid as teler by die SABT geregistreer is, mag hy ’n geboortekennisgewingboek aankoop.

4. Indien ’n teler ’n Boerboelreun (of semen van ’n Boerboel) gebruik wat nie aan hom behoort nie, moet hy toesien dat ’n dekkingsertifikaat die geboortekennisgewings na die SABT-kantoor vergesel. (Sien Bylae D)

5. Telers moet sorg dra dat die geboortekennisgewings korrek en volledig ingevul word. Die invul van die ouers se ID-nommers is verpligtend.

6. Wanneer ’n teler ’n baba-Boerboel verkoop wat volgens hom/haar nie aan die rasstandaard voldoen nie, word *geen* geboortekennisgewing uitgereik nie.